VERENIGING VAN REGSLUI VIR AFRIKAANS

VOORDELE:

Belangrike inligting:

- Sommige voordele is uniek vir VRA-lede, terwyl ander voordele deur Solidariteit-lede geniet word. Ingevolge die nuwe samewerkingsooreenkoms kan VRA-lede ook nou hierdie Solidariteit-voordele geniet.
- Lede wat hul VRA-ledegeld by wyse van debietorder betaal, se besonderhede sal outomaties op die Solidariteit-stelsel reflekteer. Lede wat nie per debietorder betaal nie, se inligting sal nie daarop gereflekteer word nie en gevolglik sal die lid nie vir die Solidariteit voordele kan kwalifiseer nie. VRA voordele sal steeds geld.
- Lede wat nie ledegeld betaal nie, soos klerke en studente, is van sekere voordele uitgesluit. Studente geniet die VRA se eksklusiewe voordele, en Solidariteit Jeug se voordele.
- As deel van die maandelikse debietorder kwalifiseer VRA-lede vir die volgende voordele, onderhewing aan bepalings en voorwaardes.

VRA voordele

Afslag vir opleiding en seminare
VRA-lede kry afslag op seminare deur die VRA aangebied. Die VRA bemagtig professionele persone met beroepsrelevante opleiding.

Vertaalde wette
Die VRA vertaal wette na Afrikaans en bied dit meestal gratis aan lede. Dit kan van die VRA-webblad afgelaai word. In sommige gevalle mag wette slegs teen betaling beskikbaar wees. VRA-lede kry egter afslag in sulke gevalle.

Ad hoc-netwerkgeleenthede
VRA-lede word uitgenooi na ad hoc-netwerkgeleenthede soos byvoorbeeld die VRA-prestigelesing, jaarlikse dinee en ander geleenthede.

Maandelikse mededelings
Lede ontvang maandeliks die VRA se nuusbrief, gratis per e-pos, wat nuus oor die jongste verwikkelinge by die VRA en belangrike nuus rakende die regsberoep bevat.

VRA Jeug
Studente wat in die regte studeer kry gratis lidmaatskap tot VRA Jeug. VRA Jeug geniet dieselfde voordele as Solidariteit Jeug-lidmaatskap (www.jeug.co.za).

Jeuglede wat as kandidaatprokureurs begin werk, kan 'n oorlewingskursus vir nuwe klerke teen 'n bekostigbare prys deurloop. Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans bied dit jaarliks aan en dit word deur kandidaatprokureurs as uiters waardevol beskou. Die oorlewingskursus vir nuwe klerke wys kandidaatprokureurs hoe die howe se administrasiestelsel werk, byvoorbeeld hoe 'n saak op die bestrede of onbestrede rol geplaas word, waar en hoe om hoflêers te trek, wat om te maak as die hoflêer soek is, hoe werk die akteskantoor, waar is die landdroshof, by watter kantoor word aansoek gedoen vir gesinsgeweld-interdikte, waar die klerke van die siviele / strafhof se kantore is, ens.

Vir meer inligting oor die voordele, besoek www.vra.co.za of e-pos admin@vra.co.za of skakel 0861 25 24 23.

Tel.: 012 644 4477 • **E-pos:** admin@vra.co.za
Adres: H.v. DF Malanrylaan en Eendranchtstraat, Kloofsig, Centurion

VRA
VERENIGING VAN REGSLUI VIR AFRIKAANS

Solidariteit voordele

Die VRA, as gilde van Solidariteit impliseer outomatiese Solidariteit lidmaatskapvoordele. Die voordele van Solidariteit-lidmaatskap waarvoor VRA-lede kwalifiseer, sluit in:
**Bepalings en voorwaardes geld*

Regshulp
Solidariteit bied telefoniese regshulp aan lede. Gratis verteenwoordiging vir werkverwante arbeidsake wat na die KVBA of arbeidshof verwys word, word slegs aan werknemers verskaf. Solidariteit bied ook telefoniese sivielregtelike advies aan lede.

STUDIEVOORDEEL

Akademia
Studeer na-uurs in Afrikaans by Akademia, Solidariteit se afstandsonderrig opleidingsentrum. Solidariteit-lede kry 20% afslag. Die afslag geld vir lede se afhanklike kinders tot en met die ouderdom van 21 jaar, indien die afhanklike kind nie werksaam is nie. Akademia is 'n privaat verskaffer van hoëronderwys-kwalifikasies wat daarop gerig is om mense aanstelbaar te maak in 'n groeiende ekonomie. Akademia is by die Hoër-onderwyskwaliteitskomitee van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) geakkrediteer.

**Akademia se bepalings en voorwaardes geld*

Sol-Tech
Sol-Tech is Solidariteit se beroepsopleidingsinstansie waar skaars vaardighede in tegniese studierigtings aangebied word. Daar word tans opleiding as elektrisiën, dieselwerktuigkundige, gereedskap- en setmaatmaker, passer en draaier, meulmaker, sweiser en trekkerwerktuigkundige aangebied. Indien daar plek is by Sol-Tech, kry lede se kinders, indien daar plek is, voorkeur met keuring.

Studiebefondsing
Vir Solidariteit-lede en hul afhanklike kinders tel Solidariteit-lidmaatskap addisionele punte wanneer hulle by Solidariteit Helpende Hand aansoek doen om finansiële hulp vir tersiêre opleiding. Solidariteit Helpende Hand bestee jaarliks miljoene rande in die vorm van rentevrye studielenings om verdienstelike studente, wat andersins nie sou kon studeer nie, te help.

Begrafnisvoordeel
Solidariteit-lede wat daarvoor kwalifiseer*, ontvang 'n omvattende begrafnisvoordeel wat ook sy of haar huweliksmaat/genomineerde gade/lewensmaat en afhanklike kinders jonger as 21 jaar insluit. Alle eise moet binne ses maande na die afsterwe van 'n lid/gade of afhanklike kind ingedien word.

**Persone wat met aansluiting 50 jaar en ouer is en wat nie by 'n kollektiewe maatskappy werksaam is nie, kwalifiseer nie vir hierdie voordeel nie.*

Testament
Solidariteit stel gratis vir lede 'n testament op. Die testament word ook gratis bewaar.

Bevallingsvoordeel
'n Bevallingsvoodeel word per kind aan vroulike lede met 12 maande ononderbroke lidmaatskap betaal. Alle eise moet binne ses maande na die bevallingsdatum ingedien word by jou naaste Solidariteit-dienskantoor. Vir die uitbetalingsbedrag, skakel 0861 25 24 23, of jou naaste dienskantoor.

Tel.: 012 644 4477 • **E-pos:** admin@vra.co.za
Adres: H.v. DF Malanrylaan en Eendranchtstraat, Kloofsig, Centurion

VERENIGING VAN REGSLUI VIR AFRIKAANS

SOLIDARITEIT FINANSIËLE DIENSTE (SFD)

Virseker Motor- en huisinhoudversekering
SFD bied aan lede omvattende bateversekering deur Virseker. SFD tree op as tussenganger namens kliënte en maak seker dat advies en na-verkopediens van hoogstaande gehalte is.

Beleggings
In 'n wêreld van onverstaanbare terminologie help SFD lede om sin te maak van hul beleggingsomgewing, en bied SFD uitstekende onafhanklike advies gerugsteun deur relevante produkte om lede se pad na finansiële onafhanklikheid gelyk te maak.

Aftreebeplanning
Weet jy of jy genoeg voorsiening maak vir jou oudag? Hoe bereken jy dit? Wat is die effek van inflasie? SFD bied professionele onafhanklike advies aan lede.

Omvattende finansiële advies
As jy 'n inkomste verdien en sake doen, ontstaan daar sekere risiko's. Vir omvattende en onafhanklike advies en akkurate berekeninge vir die voorsiening van afsterwe, mediese ongeskiktheid, boedelbeplanning en belastingbeplanning, kontak SFD.

Advies oor mediese fondse
SFD sal Solidariteit met professionele raad kan bystaan wat betref die keuse van mediese fondse en alle produkte wat daarmee saamgaan.

Vir SFD-navrae, kontak 0861 10 10 05 of e-pos sfdadmin@solidariteit.co.za

ONTSPANNING

Vakansievoordeel
Alle volopbetaalde Solidariteit-lede kry 20%-afslag by uitgesoekte ontspanningsoorde. Lede kan tans Kokoriba in die Bosveld naby Brits besoek, Aan de Vliet in die skilderagtige Panorama-roete in Mpumalanga, of Santana-strandvakansieoord op Margate se hoofstrand. Die voordeel geld nie oor Paasnaweek en vanaf 1 Desember tot 10 Januarie nie. Die oorde se bepalings en voorwaardes geld.

Kraal-klub
Kraal Uitgewers, 'n boekuitgewer wat deel vorm van die Solidariteit Beweging, gee aan lede gratis lidmaatskap tot die Kraal-klub. Kraal-klublede kry 10% afslag op Kraal Uitgewers se publikasies.

Vir meer inligting oor enige van hierdie voordele, stuur 'n e-pos aan diens@solidariteit.co.za of skakel 0861 25 24 23.